

22 Februarie

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:6

HK, Vraag 53

Die Heilige Gees: uitgestuur in ons harte

Dit is 'n ander Persoon, maar tog ook Een van die Drie-eenheid, wat die Vader in ons harte gestuur het. Hy is die Gees van die Seun. Hy gaan ook van die Seun uit. Ons glo dat Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is.

Die Heilige Gees is in ons harte gestuur. "Hart" is die diepste sentrum van my lewe en die plek vanwaar die uitgange van my lewe is. Dieper as my gevoelens en drifwe, dieper as my verstands- en denkwêreld, dáár het die Heilige Gees kom woning maak. "Hy is ook aan my gegee," bely ons in hierdie pragtige antwoord van die Kategismus. Innerliker in my as my eie innerlike (Augustinus) woon Hy. Dáár werk Hy in my. Vandáár laat Hy my deel aan die Persoon van my Verlosser en Koning, Jesus Christus. Hy bewerkstellig daarvandaan die wonderlike "verruil" tussen my en Christus: al Christus se weldade (sy geregtigheid, sy heiligheid, sy vreugde, sy vrede ...) ruil die Heilige Gees om met al my sondelaste, my wanhoop, my hartseer ...! Die Heilige Gees gee my dáár die geloof waarmee ek Christus en al sy weldade omhels en in die diepste van my wese steeds meer myne maak. Christus het my immers reeds syne gemaak (Fil 3:12). Die Heilige Gees troos my dáár in my hart met 'n dieper troos as wat ek êrens anders kan kry. Dáár in die diepste innerlike van my bewussyn roep Hy: "Abba!" – dit is "Vader!" Só word ek van binne-uit op die asem van God die ewigheid ingedra. Uit die tempel wat Hy van my gemaak het, laat Hy lofsange, gebede en liefdesdade uitstroom.

Besef jy eintlik wát jy sê wanneer jy, dalk so vol trots, die Kategismus agterna sê: "Hy is ook aan my gegee" ...?

Dr. PP Kruger (Meyerspark)

~~~~~